BEHEERLIGGAAMVERKIESING

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die uittredene Beheerliggaamslede te bedank vir al u harde werk, en u positiewe gesindheid wat gelei het tot die sukses en groei van ons skool.

Dit is met 'n dankbare hart dat ek ons uittredende voorsitter mnr. Melvin Jones, wil uitsonder vir sy leiding en inisiatief. Hy het 'n nuwe dimensie en dinamika na die tafel gebring. Laerskool Secunda bedank u vir die mens wat u is en u groot omgee hart.

Beheerliggaamverkiesing 2024

Mnr. Danie Heese van Laerskool Kruinpark was ons skool se verkiesingsbeampte vir 2024. Ons wil graag ons dank ook aan hom oordra. Hy het dan ook die jaar se verkiesing as vry en regverdig verklaar.

Dit is my voorreg om die lede van die nuwe Beheerliggaam aan u bekend te maak.

Geluk met julle verkiesing. Ons weet hierdie nuwe reis gaan gevul wees met baie voorspoed en seën. Ons sien uit om nog groot hoogtepunte saam te beleef!

Wyn- en kunsveiling 2024

Ons wil graag ons gelukwense aan Minnelize Whitlock oordra vir die puik funksie wat sy gereël het. Hierdie was weer eens 'n bewys van die kwaliteit wat ons as skool nastreef, en die goedgesindheid tussen die skoolgemeenskap en ons gemeenskap waarvan ons deel vorm.

Baie dankie vir elke ouer wat die aand bygewoon en ondersteun het.

Redenaars

Baie sterkte aan ons redenaarsmaats wat op 14 Maart aan die Hoëveldgroep kompetisie deelneem.

Ons weet sommer julle gaan puik vaar!

Behoeftigheid

Ons skool benodig nog mammas wat bereid sal wees om daagliks kospakkies vir behoeftige leerders te pak.

Daar word ‘n roterende rooster opgestel so u doen dit vir ‘n sekere tydperk van bv. ‘n week op ‘n slag.

Indien u bereid sal wees, kontak asb. Elaine Bezuidenhout by 082 557 9228.

Ons sal u hulp en moeite in hierdie verband baie waardeer.

Rugby

Baie gluk aan ons 1ste span wat die 7’s toernooi gewen het by Laerskool Trichardt. Ons o.11 span einde algeheel 2de. Baie geluk seuns. Ons is baie trots op julle!

Ons spog ook met die volgende uitslae van die junior toernooi te Standerton die afgelope naweek:

o.9	Wen Curro Secunda	24 – 7
	Wen Huttenpark	36 – 0
	Wen Pionier	36 – 0
	Verloor Klipfontein	15 – 10
o.10	Verloor Standerton	15 – 12
	Wen Huttenpark	24 – 0
	Wen Pionier	40 – 0
	Wen Klipfontein	42 – 5

Baie sterkte aan ons o.9, o.10 en o.11 spanne wat hierdie naweek by Laerskool Klipfontein gaan deelneem.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF

Prysuitdeling

Sien ook skrywe gedateer 8 Maart i.v.m. die prysuitdelingskriteria.